

REDAKSIONEEL

Die Redaksie van *In die Skriflig* beskou dit 'n voorreg om hierdie uitgawe met 'n tiental artikels uit die pen van dr. S. P. van der Walt die lig te laat sien. Waar prof. S. P. van der Walt op sy sewentigste lewensjaar weer diens as VDM te Hennenman opgeneem het, bring ons op hierdie wyse sy diens as professor in dankbare herinnering.

Dr. J. H. van Wyk van Stellenbosch word bedank vir sy waardevolle werk i.v.m. die versameling van artikels.

ANDER ARTIKELS VAN DR. S. P. VAN DER WALT:

1. *In die Skriflig*, nr. 1, Oktober 1966, p. 4—10.

Die Nuwe Moraal

2. *Dink aan jou Skepper*, Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1960, p. 95—106:

Arbeid en Beroep by die Jeug.

GELUKWENSING

OP die jongste gradeplegtigheid van die PU vir CHO is die volgende teologiese grade toegeken:

Th.D. aan ds. A. N. Helberg: *Die verhouding tussen Jahwe se soewereine aktiwiteite en die mens se werksaamheid in die roeping en prediking van die profete*; D.Litt. aan ds. P. J. J. S. Enslin: *Semasiologiese studie van die grondstam rs^c in die O.T.*; Th.M. aan ds. J. Visser: *Die N.T. fundering van die kerklike tug — 'n kerkregtelike studie*; Th.M. aan ds. A. le R. du Plooy: *Ekklesia en meerdere vergaderinge*.